Sondag 25 Junie - Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Lied 475:1-2
Geloofsbelydenis: HK Sondag 21 V&A 54
Riglyn vir ons nuwe lewe: Gal. 6:1-10
Ek en God alleen
Ps. 25-2:2&4
Gebed
Kinderkerk
Lied 478:1-3
Perikoop: Ef. 1 (83 Vertaling)
Kernverse: Ef. 1:4, 13, 22-23, Matt. 16:18 (83 AV)
Tema: Ek glo aan ʼn heilige, algemene, Christelike kerk waarin ek ʼn verantwoordelikheid het
Preek
Gebed
Insameling vir die diens van barmhartigheid
Lied 480:1-3
Wegstuurseën
**Sing Amen**

## Preekskets:

**Tema: Ek glo aan ʼn heilige, algemene, Christelike kerk waarin ek ʼn verantwoordelikheid het.**

1. Ons bely daar is net een kerk.
    a. Die een kerk van Christus is die vergadering van alle ware gelowiges deur al die eeue reg oor die hele wêreld.
    b. Die woord "kerk" beteken letterlik "vergadering".
    c. My verantwoordelikheid: Ek moet saam met ander gelowiges vergader.
    d. My verantwoordelikheid: Ek moet ʼn lewende lid wees van die liggaam.
    e. My verantwoordelikheid strek wyer as net my plaaslike gemeente.
2. Die een kerk kom in verskillende denominasies voor.
3. Nie almal in ʼn spesifieke gemeente is noodwendig ware gelowiges nie.
4. Wie vergader die kerk?
    a. Jesus, die Hoof, vergader sy kerk. (Ef. 1:22, Matt. 16:18)
5. Hoe vergader Jesus sy kerk?
    a. Jesus doen dit deur aan mense die evangelie te laat verkondig, en deur hulle van hierdie evangelie te oortuig deur sy Heilige Gees. (Ef. 1:13, 1 Tes. 1:4-5)
    b. Jesus gebruik ons as sy instrumente om sy kerk te vergader.
6. As Hoof beskerm Jesus sy kerk.
    a. Matt. 16:18: ...*die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie*.
    b. Soos ʼn pa as hoof van sy huis sy gesin beskerm teen aanvalle, so beskerm Jesus as Hoof van sy kerk, ook óns teen ál die aanvalle van die duiwel en sy magte!
    c. Jesus beskerm sy kerk deur sy Woord en Gees.
7. As Hoof onderhou Jesus sy kerk.

    a. Soos ŉ pa as hoof van sy gesin sy huisgesin onderhou, so onderhou Jesus as Hoof van sy kerk ook sy kerk.
    b. Deur sy Woord en Gees.
    c. My verantwoordelikheid: Ons moet gereeld die Woord inneem en bid vir vervulling met die Gees.
    d. Jy het ook ŉ medeverantwoordelikheid om te help met die onderhoud van Jesus se kerk: Jou maandelikse bydrae.

8. Wat bedoel ons met ŉ heilige kerk?
    a. Ware gelowiges is vir God en sy diens afgesonder of eenkant gesit. (Ef. 1:4)
9. Wat bedoel ons met ŉ algemene kerk?
    a. Ons bedoel daarmee dat die een kerk van Christus uit alle stamme, tale, volke en nasies vergader word, en nie net uit sekeres nie. (Open. 5:9)